# 'N KRITIESE EVALUERING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE DISKOERSANALISE

G.J.C. Jordaan

Predikant, Gereformeerde Kerk, Vanderbijlpark-Oos

## ABSTRACT

In this article South African Discourse Analysis is looked at critically, especially with regard to the claim to objectivity and scientific verifiability made by the supporters of the method.

Four presuppositions which underlie South African Discourse Analysis are discussed. Following that, Discourse Analysis is defined and the relevant steps in the application of the method are outlined - in each instance accompanied by critical remarks. In the final analysis the value of this method is indicated.

## INLEIDEND

Die Suid-Afrikaanse diskoersanalise het in die twintigste eeu ontstaan binne die klimaat van 'n soeke na 'n objektiewe Bybelverklaringsmetode.

Hierdie "soeke" was die gevolg van beskuldigings teen tradisionele Bybelverklaarders dat hulle instinktiewe eksegese doen en dat hulle resultate subjektief is omdat hulle die Bybel nie uit sigself verklaar nie, maar uit die Dogmatiek. 'n Nuwe "Back-to-the-Bible"-wekroep het gevolg: Die eksegeet moet hom deur die teks van die Bybel laat lei en deur niks anders nie.

Die vraag het dus ontstaan na 'n teksimmanente Bybelverklaringsmetode met genoeg metode-sisteem om "instinktiewe eksegese" onnodig te maak, en met genoegsame wetenskaplike kontroleerbaarheid om subjektiwiteit tot 'n minimum te beperk. Om in hierdie behoefte te voorsien het die

Nuwe-Testamentiese wetenskap toe gaan kers opsteek by die moderne linguistiek en -literatuurwetenskap.

Die moderne literatuurwetenskap het homself as bruikbaar vir die behoefte van die Nuwe Testamentiese eksegese aangedien vanweë die sogenaamde outonomie-beweging wat in die eerste helfte van hierdie eeu in die literatuurwetenskap posgevat het. Volgens die "outonomie-beweging" word die betekenis van 'n literêre teks nie meer geneties-kousaal (volgens oorsprong, ontwikkeling, agtergrond) gesoek nie, maar outosemanties (Vorster, 1982:127). Dit spreek vanself dat hierdie beweging met groot gemak by die strewe na 'n teksimmanente verklaringswyse ingepas kon word.

Die soeke na 'n gedetailleerde metode waarvolgens die teks uit homself verklaar word, het 'n antwoord gevind in die moderne linguistiek se struktuurbenadering: Die linguistiek gaan naamlik daarvan uit dat die betekenisaspek van taal aan 'n gestruktureerde sisteem gebonde is (Vorster, 1982:130). Deur die gestruktureerde taalsisteem waar te neem, kan dan tot die werklike betekenis van die taal deurgedring word. Die moderne Nuwe-Testamentici het in hierdie benadering 'n gulde geleentheid gesien om die teksimmanente verklaring van die Nuwe Testament op 'n wetenskaplik kontroleerbare basis te stel.

Gevolglik het daar tydens die sewentigerjare op die spoor van die moderne linguistiek en literatuurwetenskap verskeie struktuuranalitiese benaderings tot die Nuwe Testament na vore getree - in Frankryk, Duitsland en die VSA, ook in Suid-Afrika. In Suid-Afrika was dit J.P. Louw wat aan die spits van die beweging gestaan het. Hy het die belang van die moderne linguistiek vir die eksegese beklemtoon en die leiding geneem in die ontwikkeling van 'n metode wat vandag bekend staan as die Suid-Afrikaanse Diskoersanalise (hierna afgekort DA). Hierdie metode het momentum gekry toe die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika in 1974 'n kongres gehou het rondom die tema "Linguistiek en Bybelvertaling". Die 1977-kongres van die NTWSA het vervolgens 'n DA van die eerste 14 hoofstukke van Mattheüs behandel, en die 1982-kongres 'n DA van die res van Mattheüs.

Sedert die DA sy inslag gevind het, het dit heelwat ontwikkeling en aanpassings ondergaan en ondergaan dit nog steeds. Nogtans geniet die DA groot en wye steun onder Suid-Afrikaanse eksegete.

Die ontstaangeskiedenis van die DA wek sekere vrae waarop 'n antwoord gevind moet word. Met verontagsaming van die vraag of die "ouer" metodes van teksimmanente Skrifverklaring werklik so "instinktief" en "subjektiwisties" is as wat beweer word, gee hierdie artikel aandag aan die volgende twee vrae:

- Is die DA werklik so objektief en wetenskaplik kontroleerbaar as waarop aanspraak gemaak word?

- Watter filosofiese strominge lê ten grondslag aan die moderne linguistiek en literatuurwetenskap?

Laasgenoemde vraag word gevra, nie om 'n stok te soek waarmee die DA bygekom kan word nie, maar om die nodige wetenskaplike versigtigheid aan die dag te lê, sodat die slaggate waarin die filosofie Skrifverklaarders so dikwels in die verlede laat beland het, vermy kan word.

Die antwoord op laasgenoemde vraag word deur Vorster (1982:127 vv.) en tot 'n mate deur Deist (1978:261) gegee:

- Ten grondslag aan die moderne linguistiek lê die filosofie van die strukturalisme. Die strukturalisme gaan uit van die gedagte dat 'n saak gedefinieer moet word nie in terme van homself nie, maar in terme van sy funksie binne 'n geordende geheel.

- Ten grondslag aan die moderne literatuurwetenskap lê die filosofie van die fenomenologie, wat daarop aandring dat 'n saak an sich verklaar moet word (Vorster, 1982:128). Die fenomenologie hou op sy beurt weer verband met die eksistensialisme, waarin die bestaande werklikheid oorbeklemtoon word ten koste van die samehangende oorsake en gevolge.

## 2. VOORVERONDERSTELLINGS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE DISKOERSANALISE

### 2.1 TAAL HET STRUKTUUR

Die DA is op dié voorveronderstelling gebou dat elke taalgebruiker dit wat hy sê ter wille van effektiewe kommunikasie in 'n bepaalde struktuur orden, bewustelik of onbewustelik (Du Toit, 1974:55-6; Louw, 1978:119; Fryer, 1984:3). Hoe hy sy mededeling struktureer, hang van sy persoonlike voorkeur af, maar is ook afhanklik van die spreker/skrywer se eie taal en kultuur, omdat elke taal en kultuur sy eie manier van taalstrukturering en gedagte-ordening het (Louw, 1978:119-120).

Met "struktuur" word bedoel 'n grammatiese sowel as semantiese interafhanklikheid en interdeterminasie van sinne (Du Toit, 1974:54). Die DA het dus te doen met die waarneming van hoe sinne grammaties en semanties van mekaar afhanklik is en mekaar bepaal).

### 2.2 DIE GEHEEL BEPAAL DIE DEEL

Hoe duideliker 'n gedeelte gestruktureer is, hoe makliker kan die betekenis van 'n spesifieke komponent bepaal word, omdat die komponent se plek binne die geheelstruktuur sy betekenis omlyn en definieer (Du Toit, 1974:56). Hieruit volg die stelreël van die DA dat die komponent nie die geheel bepaal nie maar die geheel die komponent. Die geheel van die mededeling is dus nie die somtotaal van die samestellende komponente nie, maar die komponente is slegs grepe uit die geheel van die mededeling.

Hierdie beskouing is duidelik 'n eensydige beklemtoning van die geheelstruktuur. Louw (1978:118) is daarom van mening dat daar 'n wisselende proses van waarneming van die deel en die geheel moet wees. Hy sê (p.118): "Deur so 'n wisselende proses slaag ons uiteindelik om soveel as moontlik van die bedoeling van die outeur te agterhaal."

### 2.3 SENTRALE TEMAS

Elke gestruktureerde mededeling is, aldus die DA, om 'n sentrale tema opgebou. As die sentrale tema van 'n mededeling gesnap word, is dit vir die leser duidelik waarom die skrywer skryf wat hy skryf. Ook elke komponent word deur die sentrale tema verduidelik (Louw, 1978:123). Daarom is die DA primêr daarop gerig om die sentrale tema van elke mededelingsgeheel vas te stel.

## 2.4 HULPDISSIPLINES

Ten einde die struktuur van die mededelingsgeheel vas te stel, word sintaksis, stilistiek en semantiek as hulpdissiplines van die DA aangewend (Du Toit, 1974:56).

## 2.5 Evaluering

Sowel uit voorveronderstellings as uit hulpdissiplines is dit duidelik dat die DA op suiwer taalkundige uitgangspunte gegrond is. Daarom is die DA op hoofsaaklik taalkundige resultate gerig. As sodanig kan dit wel as deel van die taalkundige kontrole binne die geheel van 'n groter eksegetiese metode aangewend word.

Vanweë die filosofiese voorveronderstellings van die DA moet eksegete op hulle hoede wees vir enersyds oordrewe klem op die struktuur, soos aangedui deur Deist (1978:262), en andersyds 'n verklaring van 'n teks los van sy konteks.

# 3. DEFINISIE EN DOEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE DISKOERSANALISE

A.B. du Toit (1974:56) definieer die DA soos volg:

> "Diskoers-analise is 'n besondere toepassing van struktuur-analise, toegespits op die basiese studie van die verloop van 'n betoog, op paragraaf of perikoopvlak, en dan, en meer spesifiek, die verloop van 'n betoog soos die skrywer dit as geordende geheel aanbied, as gevolg van sy keurse van rangskikking van woorde, frases en sinne binne die konteks van perikoop of paragraaf."

In ooreenstemming met sy definisie stel Du Toit (p.59) dit vir die DA ten doel om die gedagtegang van die skrywer na te speur ten einde sy bedoeling vas te stel. Met "bedoeling" bedoel Du Toit klaarblyklik "sentrale tema".

Louw (1979:4) het 'n ietwat wyer siening van die aard en doel van die DA. Hy tipeer die DA soos volg:

> "it is ... primarily a semantic procedure, and yet its starting point is not semantic, but syntactic since it is based on the surface structure representation of a discourse."

Hieruit is dit duidelik dat Louw 'n groter kleim vir die DA afbaken as wat Du Toit en andere doen. Louw wil nie die DA gebruik om slegs die sentrale tema van die perikoop vas te stel nie, maar hy wil daardeur die semantiese inhoud naspeur. Hierdie doel wat Louw vir die DA stel, blyk uit die volgende woorde naamlik dat die DA ten doel het "to analyse the semantic content of a language segment into its constituent units in order to restate the argument in terms of taxonomic hierarchy" (Louw, 1979:4). Dit blyk uiteindelik (vgl. 5.1 hieronder) dat vir Louw die proses van transformasie en rekonstruksie in die ontvangertaal deel van die DA vorm (Louw 1978:120vv.).

### 3.1 EVALUERING

Daar bestaan twee sienings oor die strekwydte van die DA. Die een siening beskou die arbeidsveld van die DA as "wyer", die ander as "kleiner".

## 4. DIE WERKING VAN DIE DA

'n Baie aantreklike eienskap van die DA is dat dit 'n duidelik omskrewe metode aanbied waarvolgens die eksegeet stap vir stap die diskoers kan analiseer. Hierdie stappe van die DA lyk soos volg (Du Toit, 1974vv.; Riekert, 1983; Fryer, 1984:8-14; Louw, 1978:125vv.):

1. Baken die perikoop af.

2. Verdeel die perikoop in kola en commata.
3. Merk die struktuurmerkers en sleutelwoorde.
4. Groepeer die kola in klusters (gedagtegroepe?).
5. Stel die tema van elke kluster vas.
6. Stel die gedagtesamehang tussen kluster-temas vas en formuleer daardeur die sentrale tema van die perikoop.

Hierdie stappe word nou verder een vir een bespreek:

## 4.1 PERIKOOPAFBAKENING

Die perikoop word gedefinieer as 'n tematies samehangende deel van die diskoers (Louw, 1979:6). Die afbakening van die perikoop berus op die sentrale tema daarvan (Louw, 1978:137). Die probleem is dat die sentrale tema eers by afloop van die DA vasgestel kan word, en dit terwyl die perikoop alreeds by die aanvang van die DA-proses afgebaken moet word. Die oplossing hiervoor is 'n voorlopige "instinktiewe" perikoopafbakening wat by nabaat weer gekontroleer moet word.

Dit blyk dus dat die DA alreeds uit die staanspoor nie van "instinktiewe" optrede kan loskom nie. Dit is so omdat absolute objektiwiteit in die beoefening van enige wetenskaplike metode 'n saak van onmoontlikheid is.

## 4.2 KOLONINDELING

### 4.2.1 Begripsbepaling

Na perikoopafbakening word die teks van die perikoop op so 'n wyse uiteengesit dat rangskikkingspatrone en interafhanklikheid van komponente met betreklike gemak waargeneem kan word (Louw, 1973:104). Sodanige uiteensetting word gedoen deur die teks in kola in te deel. Die gedagte-opbou van die perikoop word dan uiteindelik gedefinieer in terme van die verhouding tussen die kola onderling. Daarom word die kolonindeling van die perikoop as 'n uiters belangrike stap in die DA beskou (Louw, 1973:104; Snyman, 1977:19).

### 4.2.2 Metode

Oor die metode van kolonindeling is daar al betreklik baie geskryf, en steeds is daar nie eenstemmigheid oor waar die kolon se grense lê nie.


Die basiese uitgangspunt by kolonindeling is dat 'n kolon uit 'n N-stuk en V-stuk bestaan, wat self nie ingebed is nie, plus alle inbeddings by die basiese N-stuk en V-stuk. Sulke inbeddings (wat uit 'n woord, 'n frase of 'n bysin kan bestaan) word commata benoem en word in die visuele teksuiteensetting aan die kolon gesubordineer. As voorbeeld dien Filémon 4-5:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kolon: | Matriks | 1. | eugaristo to theo mou |
| | comma | 1.1 | pantote |
| | comma | 1.2 | mneian sou poioumenos epi ton proseugon mou |
| | comma | 1.3 | akouon sou ten agapen kai ten pistin |
| | comma | 1.3.1 | hen egeis pros ton kurion Iesous ... |

By nadere ondersoek blyk dit dat net so wel tradisionele sinsontleding (hoofsinne, bysinne, ens.) gebruik kan word. Die rede hiervoor is dat kolonindeling in beginsel beteken dat woorde in hulle sintaktiese samehorigheid (afhanklikheid) saamgegroepeer word (Louw, 1979:1). Maar tog is dit nie altyd die sintaktiese struktuur wat by konlonindeling deurslaggewend is nie. Dikwels speel semantiese oorwegings ook 'n rol by die kolonindeling.

Louw (1979:14) doen aan die hand dat sintaktiese aspekte by kolonindeling altyd voorkeur bo semantiese aspekte geniet, en dat semantiese oorwegings slegs in die gevalle waar sintaktiese oorwegings in gebreke bly om 'n definitiewe antwoord te voorsien, bygehaal behoort te word. Nogtans word daar in die praktyk van kolonindeling dikwels aan semantiese oorwegings voorkeur gegee, soos byvoorbeeld die volgende twee sinne:

1. Die bekende fomule apekrithe kai eipen is sintaktiese besien twee onafhanklike sinne:




Op semantiese gronde (omdat die twee werkwoorde slegs op verskillende aspekte van dieselfde handeling wys) word die sin as een kolon beskou (H.C. du Toit, 5).

2. Daarteenoor kan die sin ho hippos kai ho stauros boskontai wat normaalweg as één kolon gesien sou word (met die N: ho hippos kai ho stauros en die V; boskontai) tog onder sekere omstandighede op grond van semantiese oorwegings as twee kola weergegee word (Louw, 79:11), naamlik:

a. ho hippos (bosketai)

b. kai ho stauros bosketai

### 4.2.3 Objektiwiteit/subjektiwiteit

Kolonindeling berus dus nie deurgaans op objektiewe norme nie. Dit is dikwels afhanklik van die diskoersanalitikus se eie verstaan van die betekenis (semantiese aspek) van die teks. Dit gebeur daarom dikwels dat subjektiewe oordeel van die leser 'n deurslaggewende rol speel by die afbakening van kola. Deist (1978:268vv.) dui enkele voorbeelde van sulke "subjektiewe" kolonindeling aan. Daarby sou ook genoem kan word die kolonindeling van Louw ten opsigte van Kol.3:1-4 (1978:133vv.):

Louw beskou apethanete gar, kai he zoe humon kekruptai sun to Christo en to theowat sintakties besien twee kola (met elk 'n onafhanklike V-element) vorm, tog as één kolon en motiveer soos volg:

> "Vers 3 begin met apothanete "julle het gesterwe" wat uit die verband onmoontlik letterlik verstaan kan word, daarom is die kai wat daarop volg, nie aanduiding van nog 'n addisionele gebeure nie, maar eerder 'n verduideliking wat met apothanete bedoel word.

Daarom het ons in die kat 'n voortsetting van die konstruksie wat met apothanete begin het, en gevolglik is apothanete -en to theo één kolon" (Louw, 1978:133vv.).

Daarteenoor beskou Louw to ano froneite, me ta epi tes ges (sintakties één kolon) as twee kola, sonder om te motiveer. 'n Mens sou tog ook in hierdie geval kon redeneer dat me ta epi tes ges (fronteite) nie "'n addisionele gebeure" aandui nie, maar eerder 'n nadere (teenstellende) kwalifisering van ta ano is! In so 'n geval sou me generies verstaan word.

Bostaande voorbeelde toon duidelik aan dat kolonindeling dikwels op 'n verdeling van gedagtekomponente berus: Telkens waar 'n nuwe, onafhanklike gedagte begin, begin ook 'n nuwe kolon. Intussen gaan die DA daarvan uit dat twee opeenvolgende gedagtes selde of ooit onafhanklik van mekaar staan. Definitiewe gedagteskeiding is onmoontlik. Afhanklikheid/onafhanklikheid van gedagtekomponente is maar net 'n graadverskil: Die een persoon sal die streep net verder wil trek as die ander.


Louw erken dat kolonindeling nie sonder 'n mate van subjektiwiteit kan geskied nie. Daarom sê hy (1979:13):

> "It is important to note that in continuous discourse the multiple relations represented, cannot satisfactorily be taken care of by rules, since such relationships often involve patterns of probability. One should rather employ principles which can be applied to each particular example within its context ..."


### 4.2.4 ICA as teenvoeter vir subjektiwiteit

As 'n moontlike teenvoeter vir subjektiwiteit by kolonindeling word die sogenaamde "immediate constituent analysis" (ICA - oftewel: onmiddellikestukanalise) as hulpdissipline vir die DA aangewend. ICA is daarop gemik om die onmiddellike samehang van woorde in 'n teks bloot te lê (Louw, 1978:78). 'n ICA kan op verskeie maniere uiteengesit word (Fryer, 1984:15vv). Ons gebruik Rom.5:8 as voorbeeld:


(1) met behulp van vincula





(2) met behulp van 'n boomdiagram:




(3) met behulp van 'n knyptangdiagram (matriks met inbeddinge):




(4) met behulp van 'n sintaktiese struktuurontleding:




#### 4.2.5 Evaluering

Dit is duidelik dat kolonindeling glad nie so 'n "objektief kontroleerbare" aktiwiteit is as wat dit op die oog af lyk nie. Kolonindeling berus tog maar tot 'n groot mate op subjektiewe oordeel en instinktiewe aanvoeling van die diskoersanalitikus.

### 4.3 STRUKTUURMERKERS EN SLEUTELWOORDE

Nadat die kolonindeling afgehandel is, begin 'n reeks van stilistiese waarneming en interpretasie: Stilistiese sinsboupatrone binne die kola moet waargeneem word. Dit is noodsaaklik om soveel moontlik stilistiese patrone op te spoor, omdat die stylpatroon dikwels 'n meegaande gedagtepatroon uitwys. In sulke gevalle dien die stilistiese patroon as heenwyser (struktuurmerker) of sleutel tot die ontsluiting van die onderliggende gedagtepatroon.

Gewoonlik word die stilistiese patrone met behulp van allerlei tekens en simbole (onderstrepings, omsirkelings, verbindingslyne, ens.) aangemerk.

Soms is die sinsboupatrone ooglopend, soos by geval van chiasmes, parallelismes en herhalings van woorde en konstruksies. Dikwels is die patrone egter redelik verskuild, sodat 'n "kennersoog" met "aanvoeling" nodig is om die patroon raak te sien. Weer eens kan die DA nie van "subjektiewe, instinkmatige" optrede wegkom nie.

Omdat stilistiese waarneming subjektief van aard is, moet die diskoersanalitikus daarteen waak om nie gewaande strukture in die teks in te lees nie. A.B. du Toit forseer myns insiens op subjektiewe wyse 'n chiastiese patroon op 1 Petrus 1:4v af (1974:66). Hy doen dit op die volgende wyse:

a. τετερημένην
b. ἐν οὐρανοῖς
c. εἰς ὑμᾶς
c. τοὺς
b. ἐν δυνάμει θεοῦ
a. φρουρουμὲνους
x. διὰ πίστεως

Wanneer bostaande "chiasme" deeglik bekyk word, blyk dit dat daar wel 'n woordsoortlike ooreenkoms tussen a-a en b-b bestaan, maar daar is geen werklike korrelasie tussen c-c nie. Die subjektiewe geforseerdheid van hierdie struktuur word nog duideliker onderstreep deur 'n opmerking wat Du Toit maak (1974:66). Hy sê naamlik dat die patroon aantoon dat

dia pisteos nie by die chiasme inpas nie, en daarom 'n latere byvoeging deur die skrywer is!

### 4.4 INDELING IN KLUSTERS

Nadat soveel moontlike (werklike) stilistiese patrone aangemerk is, moet die diskoersanalitikus kyk watter kolons inhoudelik saam hoort. Sulke kolons vorm dan saam 'n gedagte-eenheid, genoem 'n kluster. Waar stilistiese patrone 'n moontlike gedagtesamehang suggereer, en daar blyk wel so 'n gedagtesamehang te bestaan, dien die stilistiese patroon as motivering vir die kluster-indeling. In talle gevalle is daar egter geen struktuurmerkers aanwesig nie. Dan moet die gedagtesamehang bloot deur logiese beredenering vasgestel word. Sentrale temas moet geformuleer word, en al die kola moet in verskillende klusters rondom die verskillende sentrale temas gegroepeer word.

Die deurslaggewende faktor by die indeling in klusters is uiteindelik niks anders nie as subjektiewe insigte en instinkmatige aanvoeling.

### 4.5 DIE SENTRALE TEMA VAN DIE PERIKOOP

Nadat gedagtesamehangende kola in klusters gegroepeer is, word daar na 'n strukturele band tussen die onderskeie klusters gesoek. Met die oog hierop kan stilistiese patrone beduidend wees, of ook nie. Uiteindelik is dit maar weer die persoonlike insig en logiese beredenering van die diskoersanalitikus wat die deurslag gee.

Die struktuur tussen die klusters word in een sentrale tema van die perikoop saamgevat. Ook vir hierdie finale en belangrikste handeling in die DA is daar geen welomskrewe wetenskaplik kontroleerbare metodiese riglyn beskikbaar nie. Soms dien 'n "patroon" van samehang tussen die klusters as rigtingwyser. Gewoonlik bepaal die diskoersanalitikus die sentrale tema deur al die gegewe feite wat tot op daardie stadium deur die DA versamel is, teen mekaar op te weeg en die inhoud logies te beredenaar. Louw (1978:131) gee daarom ook toe dat daar geen vaste reël is om die kerngedagte van die perikoop te identifiseer nie. Hy sê:

"Telkens moet die kern ad hoc uit die patroon van die perikoop gehaal word."

## 5. UITBREIDINGS OP DIE DISKOERSANALISE

### 5.1 SEMANTIESE ANALISE

Wanneer die sentrale tema van die perikoop vasgestel is, is DA in die enger sin daarmee afgehandel (vgl. A.B. du Toit se definisie in punt 3 hierbo). Louw (1978:120-1) en andere ken egter 'n wyer werksterrein aan die DA toe, met die gevolg dat hulle nog 'n verdere stap by die DA voeg. Hierdie stap is die semantiese analise van die kola. Deur middel van semantiese analise, beweer Fryer (1984:17-18), word die dieptestruktuur van die sin of die perikoop binnegedring.

Semantiese analise geskied deurdat die sin in nuklêre strukture verdeel word. Die verdeling vind so plaas:

- Elke woord in die sin(ne) word in een van die volgende klasse ingedeel:- Objek-, gebeure-, abstrakte- en relasiewoorde (of kombinasies daarvan).
- Elke gebeurewoord word na 'n nuwe kernsin getransformeer.
- Die nuutgevormde kernsinne word saamgevoeg tot 'n nuwe oppervlaktestruktuur in die ontvangertaal.

Alles in ag genome vorm die semantiese analise van kola nie 'n inherente deel van die DA nie. Dit hoort eerder by die vertaalwetenskap, waar dit ook sy ontstaan gehad het. Nie in een van die voorbeelde wat Louw (1978:131vv.) gee, dra die semantiese analise enigiets tot die formulering van die sentrale tema van die perikoop by nie. Fryer (1984:19) sê tereg dat die semantiese analise sover dit eksegese aanbetref, net by detail-eksegese (waar nodig) bygehaal hoef te word.

### 5.2 STRUKTURALE ANALISE

Die sogenaamde literêre strukture van narratiewe tekste lyk op die oog af of dit ten nouste by die DA kan inskakel. A.B. du Toit (1981:3vv.) het na so 'n moontlikheid ondersoek ingestel. Hy toon duidelik aan dat die strukturale analise in sy huidige vorm weinig tot die uitbouing van die DA kan bydra.

## 6. DIE NUT VAN DISKOERSANALISE

Aanvanklik is daar groot verwagtings van die DA gekoester. A.B. du Toit (1974:57) skryf: "Discourse Analysis will greatly assist us in our efforts to understand the true intention of a Biblical writer. That this should help us to find our way to the inner secrets of the comprehending and translating process requires no further demonstration."

Dié oor-optimisme het mettertyd getemper geraak. Du Toit skryf later self (1981:3) dat die aanvanklike opgewondenheid plek gemaak het vir die wil om die DA krities te evalueer, wetenskaplik beter te verantwoord en uit te bou. Die volgende beperkinge van die DA moet duidelik gestel word:

### 6.1 NIE 'N PLAASVERVANGER VAN EKSEGETIESE METODE NIE

Ten spyte van die aanvanklike verwagtings het dit met die tyd duidelik geword dat die DA nie 'n plaasvervanger vir bestaande eksegetiese metodes kan wees nie, bloot vanweë die feit dat die DA self nie 'n volledige eksegetiese metode is nie (Louw, 1979:2). Die DA is wel 'n waardevolle hulpmiddel wat ten dienste van die eksegese aangewend kan word. As die gedagte-opbou en die sentrale tema van 'n perikoop verwoord is, is daar nog 'n lang eksegese-pad voor voordat die Skrifuitleg afgehandel is.

### 6.2 NIE OBJEKTIEF NIE

Die aanvanklike aanspraak dat die DA "instinktiewe" eksegese en eksegetiese metodes wat aan "subjektiwiteit blootgestel is" sou vervang, was te ambisieus. In die loop van hierdie artikel is by herhaling aangedui dat die DA in elkeen van sy metodologiese stappe steeds in

"subjektiwiteit" vasgeval bly sit, en telkens maar weer op die instinktiewe aanvoeling van die eksegeet moet terugval vir 'n keuse of beslissing.

Solank die eksegeet in gedagte hou dat géén metode 'n waarborg teen subjektiwiteit kan bied nie, sal hy in homself versigtig wees. Maar dié eksegeet wat op 'n metode staatmaak vir "objektiwiteit", sal die verste daarvandaan eindig. Die feit is dat dit steeds die mens is wat die metode hanteer, en daarom sal ook die beste metode subjektief gehanteer word.

## 6.3 FILOSOFIESE VOORVERONDERSTELLINGS

Die DA het ontstaan uit die strewe om die verklaring van die Nuwe Testament te suiwer van buitetekstuele invloede. Ongelukkig het die DA op sy beurt van buite die teks filosofiese voorveronderstellings via die linguistiek en literatuurwetenskap bygehaal (vgl. Deist, 1978:260-264). Uiteraard het sulke voorveronderstellings 'n bepalende invloed op die verklaring van die teks.

In die geval van die DA het die strukturalisme die koers bepaal dat betekenis in struktuur geleë is. Die gevaar bestaan dat die eksegeet hierdie koers met oogklappe aan sal loop en betekenis uiteindelik binne die grense van die geheelstruktuur sal inperk. Dit is dus duidelik dat die eksegeet die DA nie sonder omsigtigheid mag hanteer nie.

Daar moet nie net vir die gevare van die strukturalisme gewaak word nie, maar ook vir die fenomenologie. Die fenomenologie lei die eksegeet na 'n atomistiese an sich verklaring van die teks. Die verstaan van die teks is wel in struktuur en konteks geleë, maar hou óók verband met die skrywer, die adres, die kultuurhistoriese omstandighede, die verband van die hele Skrif, ensovoorts. Die fenomenologie hou die gevaar in dat 'n Bybelboek los van die "konteks van die hele Skrif", waarbinne elke Bybelboek 'n bepaalde plek het, verklaar word.

Ten spyte van die bovermelde tekortkominge in die DA, is die DA 'n groot winspunt vir die eksegese. Dit kan met groot vrug as onderafdeling van die eksegese gebruik word. Die volgende positiewe gebruike word genoem:

6.4 Die DA bied getuienis vir die afbakening van perikope.

6.5 Dit help die eksegeet om betreklik vinnig dié gedeelte(s) in die perikoop waarop die hoofaksent(e) val, raak te sien.

Dit bied 'n visuele voorstelling van stilistiese elemente van die perikoop. Sulke voorstellings is 'n handige raamwerk waarbinne eksegete diskussie kan voer oor die samehang van die samestellende dele van die teks.

6.7 Die DA plaas 'n hoë premie op die vasstelling van die sentrale tema van gedagtegroepe, perikope en van die hele boek. Hierin lê 'n groot wins vir die eksegese, omdat die eksegeet wat die sentrale temas raaksien, in sy prediking makliker boek-gebonde bly, dit wil sê hy verkondig wat die outeur van die boek bedoel het om te verkondig. Die sentrale tema vergemaklik reekspreke deurdat dit die deurlopende eenheid van die boek ook in die preekreeks laat gestalte vind.

Ten slotte word teruggekeer na die stelling wat aan die begin gemaak is, naamlik dat die DA 'n moderne beweging "terug Bybel toe" is. Hierdie stelling word positief én negatief bedoel:

- Negatief beteken dié stelling dat dié DA wat nie die greep van sy filosofiese voorverondrestellings ontsnap nie, soos die "Back-to-the-Bible"beweging van die sewentiende-eeuse piëtisme gevaar loop om tekste los van konteks te verklaar.

- Positief beteken dié stelling dat die DA vele Nuwe-Testamentici wat die Bybel "van buite af" wou verklaar, sover gebring het om weer met die teks van die Bybel voor hulle te gaan sit en te kyk hoe die Bybel uit homself verklaar kan word.

## BIBLIOGRAFIE

DEIST, F.E. 1978. Ope vrae aan die diskoersanalise. Ned. Geref. Teologiese Tydskrif 4:260-271.

DU TOIT, A.B. 1974. The significance of discourse analysis for New Testament interpretation and translation: introductory remarks with spesial reference to 1 Peter 1:3-13. Neotestamentica 8:54-79.

DU TOIT, A.B. 1981. Strukturale eksegese en die Suid-Afrikaanse Redevoeringsanalise. Enkele opmerkings aan die hand van Van Iersel se analise van die Emmausverhaal. Skrif en Kerk 2:3-14.

DU TOIT, H.C. 1977. What is a colon? in Addendum to Neotestamentica 11:1-10.

FRYER, N.S.L. 1984. Discourse Analysis and Exegesis. Kwadlangeswa: Universiteit van Zoeloeland.

LOUW, J.P. 1973. Discourse analysis and the Greek New Testament. The Bible Translator 24(1):101-119.

LOUW, J.P. 1978. Semantiek van Nuwe-Testamentiese Grieks. Pretoria.

LOUW, J.P. 1979. A Semantic discourse analysis of Romans. 2 vols. Pretoria: Louw.

RIEKERT, S.J. 1983. Diskoersanalise - het dit 'n toekoms? Tokkelok. (Nuusblad van die Teologiese Studentevereniging, UOVS):10-21.

SNYMAN, A.H. 1977. Strukturele taalkunde en die Griekse Nuwe Testament. Inougurele Rede, UOVS.

VORSTER, W.S. 1982. De Structuuranalyse, in A.F.J. Klijn (red.) Inleiding tot de Studie van het Nieuwe Testament, p127-152. Kampen: Kok.